

# Dié onnodige koste vir graanbedryf is nie billik

Die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling beywer homself vir 'n nuwe inspeksiediens wat op graanopbergers gemik is en miljoene rand gaan kos om in werking te stel. Nie net gaan die verbruiker hiervoor opdok nie, maar die nut van dié diens is duister en onverstaanbaar.

Belanghebbendes in die oliesade- en graanwaardeketting wat met gradering gemoeid is, het tot Donderdag 3 Junie kans gehad om kommentaar te lewer op die departement van landbou, grondhervorming en landelike ontwikkeling se voorgestelde tariewe en sakeplan vir gevolmagtigdes.

Die departement beywer hom daarvoor dat die gevolmagtigde wat in 2016 aangestel is, met inspeksies moet begin. Volgens die sakeplan gaan die inwerkingstelling 'n bykomende R89 miljoen kos. Te midde van die huidige swak ekonomie gaan die verbruiker hiervoor moet opdok.

Is dit regverdigbaar? Dit is juis die arm verbruiker wat van stapelvoedsel afhanklik is, wat die swaarste getref gaan word. Nie net onverwerkte graan en oliesade gaan geïnspekteer word nie, maar ook die produkte.

Dit is ironies dat die departement so gretig is om die inspeksies aan die gang te kry. Die verbruiker gaan meer vir voedsel betaal, maar die inspeksies lewer absoluut geen bydrae om voedsel veiliger, goedkoper of beskikbaarder te maak nie.

Die Wet op Landbouproduk-standaarde (Wet 119 van 1990) wil verseker dat graderingstandaarde in die handel gehandhaaf word. Die regulasies moet handel bevorder. Dit is nie bedoel om voedsel veiliger vir verbruikers te maak nie. Daarvoor is voedselwetgewing ingestel.

Sedert deregulering behartig die bedryf gradering op 'n selfregulerende wyse. Die graderingsregulasies en die Wet op Landbouprodukstandaarde word streng toegepas. Elke besending graan wat ná uitlaai en gradering by 'n koper opdaag, word ook by die koper gegradeer om seker te maak die koper betaal vir die vereiste graad. Gevolglik het die betrokke sektore nie 'n behoefte aan 'n inspeksiediens nie.

Die departement lewer ook geen bewyse van klagtes wat so 'n diens sou noodsaak nie. Die JSE oudit elke JSE-graderingspunt een keer elke twee jaar. Hierdie frekwensie kan altyd verhoog word, maar tans is dit die werkswyse wat verseker dat marksekerheid verhoog word.

Waarom moet die departement se gevolmagtigde 'n hoër frekwensie aan die bedryf probeer voorskryf as wat verlang word, en wat self deur die bedryf uitgeoefen word?

## ONNODIGE KOSTE

Die wysigingswet op landbouprodukstandaarde is onlangs bekend gemaak. Die departement se tydperk vir openbare kommentaar is afgehandel, maar dit moet nog in die parlement bespreek word. Die wet is vroeër vir kommentaar afgekondig en later onttrek, net om nou weer ingedien te word. Ongelukkig kan die bekragtiging van die wet dalk te laat wees voor die gevolmagtigde voortgaan met die inspeksiediens.

Dit sou regverdig wees teenoor almal wat ook as gevolmagtigdes aangestel wil word, as die departement net vir 'n oomblik briek aandraai en almal 'n kans gee om deel van die inspeksieproses te word. Die nuwe wetswysiging gaan daarvoor voorsiening maak dat meer as een gevolmagtigde aangestel kan word om die ongevraagde diens te lewer.

Die dilemma van die inspeksiediens is daarin geset dat dit weer lei tot 'n openbare bydrae wat deur die bedryf ingesamel word vir 'n totaal oorbodige diens. Die risiko in graan en oliesade is só klein dat dit nie die koste regverdig aan 'n lywige inspeksiediens wat bedryfstandaarde in mannekrag en salarisse oorskry nie.

Openbare geld kan nie, ongeag die wyse waarop die heffing ingesamel word, regstreeks aan 'n gevolmagtigde oorbetaal word nie. Hoe gaan openbare geld verdeel word wanneer nóg gevolmagtigdes in die toekoms te voorskyn kom? Hoe gaan ons verseker elkeen doen sy regverdige deel?

Geakkrediteerde laboratoriums en inligtingsdienste, wat jare gelede al kort ná deregulering met openbare bydraes gestig is, lewer reeds broodnodige bedryfsdienste. Dié dienste het tot stand gekom juis omdat die destydse departement van landbou nie hierdie dienste kon uitvoer nie.

Daar is 'n rede waarom 'n inspeksiediens nie op die been gebring is nie, en dit is omdat dit met sukses deur die bedryf self gereguleer word met 'n minimale koste vir die waardeketting en verbruiker. Waar is die ondersoek wat aantoon daar sal 'n kostebesparing vir die verbruiker wees voordat die regering die ekonomie verder belaai met onnodige administratiewe koste en laste? Hoe is dit moontlik dat die departement blindelings voortstrompel en net meer ongeregverdige koste en ondoeltreffendheid vir die landbou veroorsaak?

Die verdubbeling van hierdie bedryfsfunksies deur gevolmagtigdes kan nie toegelaat word nie, want dit sal eenvoudig nie regverdig wees nie. Ons kan ook nie toelaat dat die departement of die private sektor self hierdie geld insamel en toedeel nie.

## REGVERDIGE PROSES

Die enigste regverdige manier sou wees deur middel van 'n onpartydige agentskap waar verteenwoordigers deur die departement en die private sektor aangestel word. Die bedryf voorsien die geld soos deur die wet bepaal, en die departement moet die (ongevraagde) diens aan die betrokke partye lewer. Die agentskap behoort die toedeling van die geld te behartig dienooreenkomstig die dienste wat die gevolmagtigde maandeliks aan die bedryf lewer.

Die wet magtig die gevolmagtigde om by graanopbergers (produsente, silokomplekse, handelaars met persele, veevoervervaardigers en meulens) beslag te kan lê op graanbesendings. Die wet vereis verder dat die opberger van die graan die gevolmagtigde se heffing moet oorbetaal.

Retensiereg kan dus weer deel raak van die vryemarkplek. Die noodgedwonge uitoefening van retensiereg kan ook kommoditeitsfinansiering beïnvloed. Die JSE en banke verkies dat 'n retensiereg nie op graan uitgeoefen moet word nie. Die JSE en banke moet dus vasstel wat die impak hiervan kan wees en daarop kommentaar lewer. **LBW**

*Mnr. Wessel Lemmer is hoofbestuurder van Agbiz Grain.*